STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

# STELLENBOSCH MUNICIPALITY NEWSLETTER / NUUSBRIEF / IPHEPHANDABA

January 2022



# FROM THE MAYOR'S DESK

## 'N NUWE MAAND, 'N NUWE JAAR EN TALLE NUWE GELEENTHEDE!

Welkom terug! Ek hoop u het 'n wonderlike Feestyd beleef met familie en vriende. Ek glo almal is ten volle uitgerus en gereed vir die nuwe jaar wat voorlê. Ek wil graag heel eerste my opregte bedanking uitspreek aan die munisipale personeel wat onverpoos deur die feesseisoen gewerk het. Nooddienste en noodsaaklike dienste neem ongelukkig nie vakansies nie. Baie dankie aan elke amptenaar wat seker gemaak het dat noodsaaklike dienste soos water, elektrisiteit en vullisverwydering kon voortgaan. Dankie ook aan ons Verkeersbeamptes sowel as ons Brand- en Reddingspanne vir jul reuse opofferings oor die vakansietyd.



2021 was inderdaad 'n besige jaar vol uitdagings en aanpassings. COVID-19 en die staat van inperking was en is steeds met ons, maar alle aanduidings is dat ons oor die kruin van die 4de vlaag is en dat dinge hopenlik binnekort na normaal sal begin terugkeer. Die 2021 Munisipale Verkiesing was ook baie uitdagend en alle partye moes hard werk om elke stem moontlik uit te bring in ons streek.

Ons sit nou met 'n splinternuwe raad wat vir die volgende vyf jaar ons dorp en sy mense gaan verteenwoordig. Ek is vreeslik opgewonde as ek so kyk na die jong en dinamiese span nuwe raadslede wat verkies is. Op my nuwe burgemeesterskomitee dien daar nou ook 3 jong raadslede wat tussen die ouderdom van 25 – 28 is. Dis wonderlik om te sien hoe jong mense 'n verskil wil maak en betrokke wil raak. Ek wens alle raadslede van alle partye die beste toe vir die termyn wat kom. Dit gaan harde werk wees, maar as ons mekaar respekteer en saam werk, kan ons wondere verrig vir die inwoners van ons munisipaliteit.

Ons het in Desember ons laaste raadsvergadering vir die jaar gehad, waar Me Geraldine Mettler weer aangestel is as die Munisipale Bestuurder vir die Stellenbosch Munisipaliteit vir 'n tydperk van 5 jaar. Volgens die Munisipale Stelselswet moet 'n Munisipale Bestuurder aangestel word op 'n vaste kontrak vir 'n tydperk van nie langer as vyf jaar nie. Die Raad het die posisie nasionaal en provinsiaal geadverteer, soos dit deur die wet vereis word en 'n kortlys van suksesvolle kandidate is genooi vir formele onderhoude. Na afloop van die proses, het die paneel 'n aanbeveling aan die Raad gemaak en die raad het die aanbeveling bekragtig. Ek wens Me Mettler alle sterkte toe vir die pad vorentoe. Baie geluk met jou heraanstellling. Ek sien uit daarna om weer met jou te werk!

Die jaar het skaars afgeskop en ons is reeds hard aan die werk. Ons beoog om 'n nuwe Werksoek-databasis teen 1 Februarie bekend te stel. Hierop sal alle persone in ons streek wat werkloos is, kan registreer vir werksgeleenthede deur die Uitgebreide Publieke Werke Program. Hierdie stelsel sal regverdigheid en deursigheid verseker. Hou gerus die koerante en ons munisipale webwerf dop vir meer inligting hieroor.

Na die openings van die nuwe taxi staanplekkee in Klapmuts en Franschhoek verlede jaar, is ek ook baie opgewonde om die volgende een te open. Die werk aan die Kayamandi taxi staanplek is so te sê voltooi en ons sal hom ook eersdaags open. Vir die eerste keer ooit, het inwoners van Kayamandi nou 'n formele, veilige en onderdak taxi staanplek – sodat niemand meer in die koue winterreen of gietende somerson hoef te staan en wag nie. Die fasilitiet het ook informele handelspasies, kantore vir taxi administrateurs en badkamers.

Ons maak ook wonderlike vordering met die installeering van ons eerste sonpanele op munisipale eiendomme. 'n Verslag wat die lewensvatbaarheid en volhoubaarheid van die verskeie moontlike oplossings vir die elektrisiteitskrisis ondersoek het, sal eersdaags voor die raad dien. Ons is steeds op koers om een van die eerste munisipalitiete te wees wat ons eie krag opwek om ons inwoners en besighede te beskerm teen Eskom se beurtkrag, maar ons moet dit stap vir stap doen en ten alle tye verantwoordelik en deursigtig optree. Die beste belange van ons verbruikers is ten alle tye ons hoof prioriteit.

Die parsseisoen is om die draai en ek wens alle boere en plaaswerkers strekte toe vir die besige tyd van die oesjaar wat nou begin.

Laastens, maar nie die minste nie – welkom aan al ons nuwe studente. Ek glo dat julle die tyd saam met ons hier in die Eikestad sal geniet en waardeer. Julle is nie net studente hier nie, maar word nou vir 'n aantal jare inwoners van ons pragtige dorp. Geniet jul studentejare, maak wyse besluite en gee genoeg aandag aan jul studies! Welkom in Stellenbosch!

Mag elke inwoner 'n ryklik geseënde jaar beleef, vol vrede en geluk.

Tot volgende maand,

Gesie van Deventer
Burgemeester,

Mayor Gesie

